(t) by the substitution in subregulation (1) (i) (ii) for the expression "R2 000" of the expression "R2 200";

(u) by the substitution in subregulation (1) (i) (iii) for the expression "R300" of the expression "R400";

Amendment of regulation 3 of the Regulations

3. Regulation 3 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution in subregulation (1) (a) for the expression "training pharmacy" of the expression "pharmacy";

(b) by the substitution in subregulation (1) (c) (i) for the expression "R400" of the expression "R440".

No. R. 86 **27 January 1995**

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

REGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION BY SPEECH THERAPISTS, SPEECH THERAPISTS AND AUDIOLOGISTS, AND AUDIOLOGISTS OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS: AMENDMENT

The Minister of Health has, in terms of section 61 (1) (o), read with section 61 (4), of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published under Government Notice No. R. 584 of 18 March 1983, as amended by Government Notices Nos. R. 1746 of 14 August 1987, R. 145 of 5 February 1988, R. 558 of 31 March 1989, R. 175 of 10 January 1992 and R. 2707 of 2 October 1992.

2. Regulation 2 of the Regulations is hereby amended by the addition of the following qualification:

Examining authority and qualification	*Abbreviation for registration*
"University of South Africa— Diploma for Therapists (Cerebral Palsy)	Dip Ter (Cerebral Palsy) South Africa".

(o) deur in subregulasie (1) (g) (i) die uitdrukking "R1 000" deur die uitdrukking "R1 100" te vervang;

(p) deur in subregulasie (1) (g) (ii) die uitdrukking "R400" deur die uitdrukking "R440" te vervang;

(q) deur in subregulasie (1) (h) (i) die uitdrukking "R1 000" deur die uitdrukking "R1 100" te vervang;

(r) deur in subregulasie (1) (h) (ii) die uitdrukking "R400" deur die uitdrukking "R440" te vervang;

(s) deur in subregulasie (1) (i) (i) die uitdrukking "R350" deur die uitdrukking "R385" te vervang;

(t) deur in subregulasie (1) (i) (ii) die uitdrukking "R2 000" deur die uitdrukking "R2 200" te vervang;

(u) deur in subregulasie (1) (i) (iii) die uitdrukking "R300" deur die uitdrukking "R400" te vervang;

Wysiging van regulasie 3 van die Regulasies

3. Regulasie 3 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) (a) die uitdrukking "opleidingsapteek" deur die uitdrukking "apteek" te vervang;

(b) deur in subregulasie (1) (c) (i) die uitdrukking "R400" deur die uitdrukking "R440" te vervang.

No. R. 86 **27 Januarie 1995**

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE DEUR SPRAAKTERAPEUTE, SPRAAKTERAPEUTE EN OUDIOLOË, EN OUDIOLOË VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES: WYSIGING

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 61 (1) (o), gelees met artikel 61 (4), van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 584 van 18 Maart 1983, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 1746 van 14 Augustus 1987, R. 145 van 5 Februarie 1988, R. 558 van 31 Maart 1989, R. 175 van 10 Januarie 1992 en R. 2707 van 2 Oktober 1992.

2. Regulasie 2 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende kwalifikasie by te voeg:

Eksaminerende liggaam en kwalifikasie	*Afkorting vir registrasie*
"Universiteit van Suid-Afrika— Diploma vir Terapeute (Serebraal Verlamdes)	Dip Ter (Serebraal Verlamdes) Suid-Afrika".

No. R. 87 27 January 1995

CHIROPRACTORS, HOMEOPATHS AND ALLIED HEALTH SERVICE PROFESSIONS ACT, 1982 (ACT No. 63 OF 1982)

EXEMPTION OF JURISTIC PERSONS FROM THE OPERATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE ACT

By virtue of the powers vested in me by section 38C of the Chiropractors, Homeopaths and Allied Health Service Professions Act, 1982 (Act No. 63 of 1982), I, Nkosazana Clarice Dlamini Zuma, Minister of Health, do hereby, on the recommendation of the Chiropractors, Homeopaths and Allied Health Service Professions Council, exempt any company incorporated and registered as a private company with a share capital in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), subject to the conditions listed in the Schedule, from the provisions of sections 15, 16, and 31 of the Chiropractors, Homeopaths and Allied Health Service Professions Act, 1982 (hereinafter termed the Act), in order to practise the profession of chiropractor, homeopath, naturopath, osteopath or herbalist or an allied health service profession contemplated in section 16 of the Act.

SCHEDULE

1. The company's memorandum or articles of association shall provide that all present and past directors shall be liable jointly and severally, together with the company, for the debts and liabilities of the company contracted during their period of office.

2. Only natural persons who are registered in terms of the Chiropractors, Homeopaths and Allied Health Service Professions Act, 1982 (Act No. 63 of 1982), and who practise the profession of chiropractor, homeopath, naturopath, osteopath or herbalist or an allied health service profession contemplated in section 16 of the Act (hereinafter termed a practitioner in each case), or a company all the directors and shareholders of which are practitioners (hereinafter termed a corporate member) shall be shareholders of the company and have an interest in its shares: Provided that a corporate member shall not have an interest in or control, own or acquire more than 24 per cent of the issued share capital of the company.

3. Only a person who is a practitioner shall be a director of the company.

4. If a shareholder of the company or a person with an interest in the shares of the company dies or ceases to comply with any requirement of item 2, his estate or the person concerned, as the case may be, shall continue to hold the shares or interest concerned for a period of six months from the date on which he dies or ceases so to comply or for such longer period as the Chiropractors, Homeopaths and Allied Health Service Professions Council (hereinafter termed the Council) may approve.

5. Any share contemplated in item 4 shall not entail any voting rights and a shareholder mentioned therein shall not act as a director of the company or receive, directly or indirectly, any director's fees or remuneration or share in the income of or profit earned by the company.

No. R. 87 27 Januarie 1995

WET OP CHIROPRAKTISYNS, HOMEOPATE EN VERWANTE GESONDHEIDSDIENSBEROEPE, 1982 (WET No. 63 VAN 1982)

VRYSTELLING VAN REGSPERSONE VAN DIE TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38C van die Wet op Chiropraktisyns, Homeopate en Verwante Gesondheidsdiensberoepe, 1982 (Wet No. 63 van 1982), stel ek, Nkosazana Clarice Dlamini Zuma, Minister van Gesondheid, op aanbeveling van die Raad vir Chiropraktisyns, Homeopate en Verwante Gesondheidsdiensberoepe, hierby 'n maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), ingelyf en geregistreer is as 'n private maatskappy met 'n aandelekapitaal, onderworpe aan die voorwaardes in die Bylae vermeld, vry van die bepalings van artikels 15, 16, en 31 van die Wet op Chiropraktisyns, Homeopate en Verwante Gesondheidsdiensberoepe, 1982 (hierna die Wet genoem), ten einde die beroep van chiropraktisyn, homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige of 'n verwante gesondheidsdiensberoep beoog in artikel 16 van die Wet te beoefen.

BYLAE

1. Die maatskappy se akte van oprigting of statute moet bepaal dat die direkteure en gewese direkteure gesamentlik en afsonderlik, tesame met die maatskappy, aanspreeklik is vir die skulde en laste van die maatskappy wat gedurende hul ampstermyn aangegaan word of is.

2. Slegs natuurlike persone wat ingevolge die Wet op Chiropraktisyns, Homeopate en Verwante Gesondheidsdiensberoepe, 1982 (Wet No. 63 van 1982), geregistreer is en die beroep van chiropraktisyn, homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige of 'n verwante gesondheidsdiensberoep beoog in artikel 16 van die Wet beoefen (hierna elk 'n praktisyn genoem), of 'n maatskappy waarvan al die direkteure en aandeelhouers praktisyns is (hierna 'n maatskappylid genoem), is aandeelhouers van die maatskappy en het 'n belang in die aandele: Met dien verstande dat 'n maatskappylid in nie meer nie as 24 persent van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy 'n belang het of nie meer as dit beheer, besit of verkry nie.

3. Slegs 'n persoon wat 'n praktisyn is, is 'n direkteur van die maatskappy.

4. Indien 'n aandeelhouer van die maatskappy of 'n persoon wat 'n belang in die aandele van die maatskappy het, sterf of ophou om aan 'n vereiste van item 2 te voldoen, gaan sy boedel of die betrokke persoon, na gelang van die geval, voort om die betrokke aandele of belang te hou vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum waarop hy te sterwe kom of ophou om aldus te voldoen of vir die langer tydperk wat die Raad vir Chiropraktisyns, Homeopate en Verwante Gesondheidsdiensberoepe (hierna die Raad genoem) goedkeur.

5. 'n Aandeel beoog in item 4 bring geen stemreg mee nie en 'n aandeelhouer daarin genoem, tree nie as 'n direkteur van die maatskappy op of ontvang nie, regstreeks of onregstreeks, direkteursgelde of vergoeding of deel nie in die inkomste van of winste verwerf deur die maatskappy nie.

6. Only an authorised agent who is a shareholder of the company may be present, speak or vote on behalf of a shareholder at a meeting of the company.

7. Each shareholder may practise personally only the profession in respect of which he is registered in terms of the Act.

8. Each shareholder shall remain subject personally to the provisions of the Act and the disciplinary authority of the Council.

9. No person, whether a natural person or a juristic person, may directly or indirectly in any manner whatsoever share in the profits or income of the company or have an interest therein unless he is a shareholder of the company.

10. If the company at any time neglects or omits to comply with any of the conditions of this Schedule, such neglect or omission shall constitute conduct on the part of the directors or shareholders in respect of which the Council may take disciplinary steps.

No. R. 88 **27 January 1995**

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

REGULATIONS RELATING TO THE USE OF NAMES WHICH MAY NOT BE USED

The Minister of Health has, in terms of section 61 (1) (mA) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

1. In this Schedule "the Act" means the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974).

2. Any person who is not registered in terms of section 32 of the Act as ambulance emergency assistant, basic ambulance assistent or paramedic shall not use the name ambulance emergency assistant, basic ambulance assistent or paramedic.

3. The regulations published under Government Notice No. R. 360 of 31 January 1992 are hereby repealed.

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 75 **27 January 1995**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CORRECTION NOTICE

MOTOR INDUSTRY: ADMINISTRATIVE AGREEMENT

The following corrections to Government Notice R. 1599 appearing in Government Gazette No. 15985 of 16 September 1994, are hereby published for general information.

1. In the Afrikaans text of the Schedule:

1.1 KLOUSULE 3: WOORDOMSKRYWING

Substitute "Streek BR" for "Gebied BR", "Streek OP" for "Gebied OP" and "Streek B (OVS + NK)" for "Gebied B (OVS + NK)".

6. Slegs 'n gevolmagtigde wat 'n aandeelhouer van die maatskappy is, mag op 'n vergadering van die maatskappy namens 'n aandeelhouer teenwoordig wees, praat of stem.

7. Elke aandeelhouer mag persoonlik slegs die beroep ten opsigte waarvan hy ingevolge die Wet geregistreer is, beoefen.

8. Elke aandeelhouer bly persoonlik onderworpe aan die bepalings van die Wet en die tugbevoegdheid van die Raad.

9. Geen persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon, mag regstreks of onregstreeks op enige wyse hoegenaamd in die winste of inkomste van die maatskappy deel of 'n belang hê nie tensy hy 'n aandeelhouer van die maatskappy is.

10. Indien die maatskappy te eniger tyd versuim of nalaat om aan enige van die voorwaardes in hierdie Bylae te voldoen, stel dit optrede van die kant van die direkteure en die aandeelhouers daar ten opsigte waarvan die Raad tugstappe kan doen.

No. R. 88 **27 Januarie 1995**

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

REGULASIES BETREFFENDE DIE GEBRUIKMAAK VAN NAME WAARVAN NIE GEBRUIK GEMAAK MAG WORD NIE

Die Minister van Gesondheid het, op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, kragtens artikel 61 (1) (mA) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Wet" die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974).

2. Iemand wat nie kragtens artikel 32 van die Wet as ambulansnoodsorgassistent, basiese ambulansassistent of paramedikus geregistreer is nie, mag nie van die naam ambulansnoodsorgassistent, basiese ambulansassistent of paramedikus gebruik maak nie.

3. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 360 van 31 Januarie 1992 word hierby herroep.

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 75 **27 Januarie 1995**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

VERBETERINGSKENNISGEWING

MOTORNYWERHEID: ADMINISTRATIEWE OOREENKOMS

Onderstaande verbeterings aan Goewermentskennisgewing R.1599 wat in Staatskoerant No. 15985 van 16 September 1994 verskyn, word hierby vir algemene inligting gepubliseer.

1. In die Afrikaanse teks van die Bylae:

1.1 KLOUSULE 3: WOORDOMSKRYWING

Vervang "Gebied BR" deur "Streek BR", "Gebied OP" deur "Streek OP" en "Gebied B (OVS + NK)" deur "Streek B (OVS + NK)".

1.2 KLOUSULE 22: LOS ARBEIDERS

Delete the proviso at the end of this clause.

2. In the English text of the Schedule:

2.1 CLAUSE 13: TRADE UNION LABOUR

(a) In the last line of subclause (2) (b) (ii) substitute the word "and" for the word "of" where the latter appears for the first time.

(b) In the third line from the end of subclause (4) (b) substitute the word "finality" for the word "finally".

2.2 CLAUSE 15: CHANGE OF CONDITIONS OF EMPLOYMENT

In the fifth line of this clause substitute the word "him" for the word "hm".

2.3 CLAUSE 22: CASUAL LABOURERS

Delete the proviso at the end of this clause.

2.4 CLAUSE 31: MOTOR INDUSTRY TRAINING LEVY

In the third line of subclause (l) substitute the word "area" for the word "share".

No. R. 79 27 January 1995

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CLOTHING INDUSTRY, CAPE: RENEWAL OF THE AGREEMENT FOR THE COUNTRY AREAS

I, Dennis van der Walt, Director: Labour Relations, duly authorised thereto by the Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices Nos. R. 2598 of 11 September 1992, R. 3104 of 13 November 1992 and R. 3428 of 24 December 1992, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 28 February 1995.

D. VAN DER WALT,
Director: Labour Relations.

No. R. 94 27 January 1995

RULES, FORMS AND PARTICULARS WHICH SHALL BE FURNISHED IN TERMS OF THE COMPENSATION FOR OCCUPATIONAL INJURIES AND DISEASES ACT, 1993 (ACT No. 130 OF 1993)

I, Louis van Assen, Compensation Commissioner, hereby repeal under section 4 (2) (e) of the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993 (Act No. 130 of 1993), item 3 of my prescription, as published under Government Notice No. 983 in *Government Gazette* No. 15758 of 27 May 1994, and replace it with the following:

"Return of earnings [section 82 (1)]

3. The return of earnings shall be on Form W As 8 (E) (Annexure 8) with the particulars required therein, as the case may be.".

L. VAN ASSEN,
Compensation Commissioner.

1.2 KLOUSULE 22: LOS ARBEIDERS

Skrap die voorbehoudsbepaling aan die einde van die klousule.

2. In die Engelse teks van die Bylae:

2.1 CLAUSE 13: TRADE UNION LABOUR

(a) Vervang die woord "of" deur die woord "and" waar dit die eerste keer verskyn in die laaste reël van subklousule (2) (b) (ii).

(b) Vervang die woord "finally" deur die woord "finality" in die derde reël voor die einde van subklousule (4) (b).

2.2 CLAUSE 15: CHANGE OF CONDITIONS OF EMPLOYMENT

Vervang die woord "hm" deur die woord "him" in die vyfde reël van hierdie klousule.

2.3 CLAUSE 22: CASUAL LABOURERS

Skrap die voorbehoudsbepaling aan die einde van hierdie klousule.

2.4 CLAUSE 31: MOTOR INDUSTRY TRAINING LEVY

Vervang die woord "Share" deur die woord "area" in die derde reël van subklousule (l)".

No. R. 79 27 Januarie 1995

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

KLERASIENYWERHEID, KAAP: HERNUWING VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE PLATTELANDSE GEBIEDE

Ek, Dennis van der Walt, Direkteur: Arbeidsverhoudinge, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings Nos. R. 2598 van 11 September 1992, R. 3104 van 13 November 1992 en R. 3428 van 24 Desember 1992 van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1995 eindig.

D. VAN DER WALT,
Direkteur: Arbeidsverhoudinge.

No. R. 94 27 Januarie 1995

REËLS, VORMS EN BESONDERHEDE WAT VERSKAF MOET WORD KRAGTENS DIE WET OP VERGOEDING VIR BEROEPSBESERINGS EN -SIEKTES, 1993 (WET No. 130 VAN 1993)

Ek, Louis van Assen, Vergoedingskommissaris, herroep hierby kragtens artikel 4 (2) (e) van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet No. 130 van 1993), item 3 van my voorskrif, soos gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 983 in *Staatskoerant* No. 15758 van 27 Mei 1994, en vervang dit met die volgende:

"Opgawe van verdienste [artikels 82 (1)]

3. Die opgawe van verdienste moet op Vorm W As 8 (A) (Aanhangsel 8) wees met die besonderhede daarin vereis, na gelang van die geval.".

L. VAN ASSEN,
Vergoedingskommissaris.

W As 8 (E)

RETURN OF EARNINGS

COMPENSATION FOR OCCUPATIONAL INJURIES AND DISEASES ACT, 1993

[Section 82 (1)—Rules, forms and particulars of the Compensation Commissioner—Annexure 8]

The Hon., Prof., Dr, Messrs, Mr, Ms

To be furnished by all employers to:
THE COMPENSATION COMMISSIONER,
P.O. Box 955, PRETORIA, 0001.
Telephone: (012) 319-9111.

From to Assessment year

Reference number AREA CODE

1. TRADING NAME AND POSTAL ADDRESS:

Postal code .....

2. Site address/Names of farms .....

..... Magisterial District of .....

3. Particulars of operations .....

4. Name of owner of business/farming .....

5. Identity, Company, Close Corporation Number .....

6. Has there been a change of ownership? YES/NO .....

7. If a partnership, a limited liability company or a close corporation, state names, Identity Numbers and addresses of partners, directors or members .....

.....

8. Telephone: Dialing code ..... No. ..... x ..... Contact person .....

9. State whether main business or a separate branch .....

PARTICULARS OF ALL EMPLOYEES

10. Monthly average number of employees employed during the assessment year .....

11. **Earnings** **Rands only**

11.1 Total amount of earnings (gross) paid to employees (excluding working directors of a company and members of a close corporation) calculated at a maximum of R..... per person per annum (excluding travelling and subsistence allowances, payments of a re-imbursive nature, overtime worked occasionally and *ex-gratia* payments) .....

11.2 Total amount of earnings paid to working directors of a company or members of a close corporation calculated at a maximum of R.....per person per annum..... .....

11.3 Cash value of free food and/or free quarters .....

TOTAL EARNINGS (11.1 + 11.2 + 11.3) ..... R .....

If the number of employees and/or the total earnings paid differs substantially from those of the preceding year, briefly give the reasons for such differences.

.....

.....

.....

I hereby certify that the above particulars are correct.

NAME	DESIGNATION	SIGNATURE	DATE

W As 8 (A)

OPGAWE VAN VERDIENSTE

WET OP VERGOEDING VIR BEROEPSBESERINGS EN -SIEKTES, 1993

[Artikel 82 (1)—Reëls, vorms en besonderhede van die VERGOEDINGSKOMMISSARIS— Aanhangsel 8]

Sy Ed., Prof., Dr., Mnre., Mnr., Me.

Moet deur alle werkgewers verstrek word aan:
DIE VERGOEDINGSKOMMISSARIS,
Posbus 955, PRETORIA, 0001.
Telefoon: (012) 319-9111.

Van tot Aanslagjaar

Verwysingsnommer AREA KODE

1. HANDELSNAAM EN POSADRES:

Poskode .....

2. Liggingsadres Plaasname .....

..... Landdrosdistrik .....

3. Besonderhede van bedrywighede .....

4. Naam van eienaar van besigheid/boerdery .....

5. Identiteits-, Maatskappy- Beslote Korporasienommer .....

6. Het besigheid/boerdery van eienaar verander? JA/NEE .....

7. In geval van 'n vennootskap of 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n beslote korporasie, meld die name, Identiteitsnommers en adresse van die vennote, direkteure of lede .....

.....

8. Telefoon: Skakelkode..... No..... x..... Kontakpersoon.....

9. Meld of dit die hoofbesigheid of 'n afsonderlike tak is .....

BESONDERHEDE VAN ALLE WERKNEMERS

10. Maandelikse gemiddelde aantal werknemers in diens gedurende die aanslagjaar.....

11. **Verdienste** **Slegs rande**

11.1 Totale bedrag van verdienste (bruto bedrag) aan werknemers betaal (uitgesluit werkende direkteure van 'n maatskappy en lede van 'n beslote korporasie) bereken teen 'n maksimum van R..... per persoon p.j. (uitgesluit reis- en verblyfkoste oortyd toevallig gewerk, betaling wat van 'n werknemer verhaal mag word en *ex-gratia* betalings) .....

11.2 Totale bedrag van verdienste aan werkende direkteure van 'n maatskappy of lede van 'n beslote korporasie betaal, bereken teen 'n maksimum van R..... per persoon p.j. .....

11.3 Kontantwaarde en gratis voedsel en/of huisvesting .....

TOTALE VERDIENSTE (11.1 + 11.2 + 11.3) ..... R .....

Indien die aantal werknemers en/of bedrag aan verdienste betaal aansienlik verskil van die vorige jaar, verduidelik kortliks waaraan die verskil toe te skryf is.

.....

.....

.....

Ek sertifiseer dat bostaande besonderhede korrek is.

NAAM	HOEDANIGHEID	HANDTEKENING	DATUM

No. R. 99 **27 January 1995**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

MOTOR INDUSTRY: AMENDMENT OF ADMINISTRATIVE AGREEMENT

I, Tito Titus Mboweni, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from 30 January 1995 and for the period ending 31 August 1995, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (b) and 2, shall be binding, with effect from 30 January 1995 and for the period ending 31 August 1995, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

T. T. MBOWENI,
Minister of Labour.

SCHEDULE

THE NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY

ADMINISTRATIVE AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

South African Motor Industry Employers' Association

and the

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), of the one part, and the

National Union of Metalworkers of South Africa

Motor Industry Employees' Union of South Africa

and the

Motor Industry Staff Association

(hereinafter referred to as the "employees" of the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the National Industries Council for the Motor Industry,

to amend the Administrative Agreement published under Government Notice No. R. 1599 of 16 September 1994.

1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Motor Industry—

(a) throughout the Republic of South Africa as it existed prior to the Proclamation of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993),

No. R. 99 **27 Januarie 1995**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

MOTORNYWERHEID: WYSIGING VAN ADMINISTRATIEWE OOREENKOMS

Ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van 30 Januarie 1995 en vir die tydperk wat op 31 Augustus 1995 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (b) en 2, met ingang van 30 Januarie 1995 en vir die tydperk wat op 31 Augustus 1995 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

T. T. MBOWENI,
Minister van Arbeid.

BYLAE

DIE NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID

ADMINISTRATIEWE OOREENKOMS

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

South African Motor Industry Employers' Association

en die

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

National Union of Metalworkers of South Africa

Motor Industry Employees' Union of South Africa

en die

Motor Industry Staff Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid,

tot wysiging van die Administratiewe Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing Nr. R. 1599 van 16 September 1994.

1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Motornywerheid nagekom word—

(a) oral in die Republiek van Suid-Afrika soos dit bestaan het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993);

(b) by the employers and the employees in the Motor Industry who are members of the employers' organisations and the trade unions, respectively.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the provisions of this Agreement shall apply to—

(a) apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of or any conditions fixed under the Manpower Training Act, 1981; and

(b) trainees undergoing training under the Manpower Training Act, 1981, only in so far as they are not inconsistent with the provisions of or any conditions fixed under that Act.

2. CLAUSE 28: MIEU DEVELOPMENT FUND

(a) Substitute the following for subclause (1)—

"Every employer shall deduct the sum of 15 cents per week in respect of MIEU Development Fund levies from the earnings of every member of the Motor Industry Employees' Union of South Africa who is not employed as a Grade 7 or 8 employee by him.".

3. CLAUSE 31: MOTOR INDUSTRY TRAINING LEVY

(a) In subclause (1) substitute the expression "R1,00" for the expression "60 cents".

(b) Substitute the following for subclause (2):

"Every employer shall deduct the sum of 35 cents per week in respect of Motor Industry training levies from the earnings of every Grade 7 and 8 employee employed by him and shall forward to the Secretary of the Regional Council within whose area of jurisdiction the employer's establishment is situated all moneys so deducted not later than the 10th day of the month immediately following the month during which the levies are required to be deducted.".

(c) In subclause (3) (b) (i) substitute the phrase "Grade 7 and 8 employees" for the word "journeymen".

(d) In subclause (6) (b) substitute the phrase "Grade 7 or 8 employee" for the word "journeyman".

Signed at Randburg, on behalf of the parties, the 31st day of October 1994.

T. NIEUWOUDT,
President of the Council.

L. A. COETZER,
Vice-President of the Council.

B. G. DU PREEZ,
General Secretary of the Council.

No. R. 100 27 January 1995

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

MOTOR INDUSTRY: AMENDMENT OF MOTOR INDUSTRY MEDICAL AID FUND AGREEMENT

I, Tito Titus Mboweni, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from 30 January 1995, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions.

T. T. MBOWENI,
Minister of Labour.

(b) deur die werkgewers en die werknemers in die Motornywerheid wat lede is van onderskeidelik die werkgewersorganisasie en die vakverenigings.

(2) Ondanks subklousule (1) is hierdie Ooreenkoms van toepassing op—

(a) vakleerlinge slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of voorwaardes wat daarkragtens gestel is nie; en

(b) kwekelinge wat opleiding ingevolge die Wet op Mannekragopleiding, 1981, ondergaan, slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is met daardie Wet of voorwaardes wat daarkragtens gestel is nie.

2. KLOUSULE 28: MIEU-ONTWIKKELINGSFONDS

(a) Vervang subklousule (1) deur die volgende—

"Elke werkgewer moet weekliks die bedrag van 15 sent ten opsigte van MIEU-ontwikkelingsfondsheffings aftrek van die verdienste van elke lid van die Motor Industry Employees' Union of South Africa wat nie by hom as werknemers graad 7 of graad 8 in diens is nie.".

3. KLOUSULE 31: MOTORNYWERHEIDOPLEIDINGSHEFFING

(a) In subklousule (1), vervang die uitdrukking "60 sent" deur die uitdrukking "R1,00".

(b) Vervang subklousule (2) deur die volgende:

"Elke werkgewer moet weekliks die bedrag van 35 sent van die verdienste van elke werknemer graad 7 en graad 8 wat by hom in diens is aftrek ten opsigte van die Opleidingsheffings vir die Motornywerheid en moet al die geld wat aldus afgetrek word voor of op die 10de dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand waarin die heffing afgetrek moet word, stuur aan die sekretaris van die Streekraad binne wie se regsgebied die werkgewer se bedryfsinrigting geleë is.".

(c) In subklousule (3) (b) (i) vervang die woord "vakmanne" deur die uitdrukking "werknemers graad 7 en graad 8".

(d) In subklousule (6) (b) vervang die woord "vakman" deur die uitdrukking "werknemer graad 7 of graad 8".

Namens die partye op hede die 31ste dag van Oktober 1994 te Randburg onderteken.

T. NIEUWOUDT,
President van die Raad.

L. A. COETZER,
Vise-President van die Raad.

B. G. DU PREEZ,
Hoofsekretaris van die Raad.

No. R. 100 27 Januarie 1995

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

MOTORNYWERHEID: WYSIGING VAN MEDIESE HULPFONDSOOREENKOMS VIR DIE MOTORNYWERHEID

Ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Arbeid, verklaar hierby kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van 30 Januarie 1995 en vir die tydperk wat op 31 Augustus 1995 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is.

T. T. MBOWENI,
Minister van Arbeid.

SCHEDULE

THE NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY

MOTOR INDUSTRY MEDICAL AID FUND

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

South African Motor Industry Employers' Association

and the

South African Vehicle Builders' and Repairers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), of the one part, and the

Motor Industry Employees' Union of South Africa

the

Motor Industry Staff Association

and the

National Union of Metalworkers of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the National Industrial Council for the Motor Industry,

to amend the Motor Industry Medical Aid Fund Agreement published under Government Notice No. R. 1598 of 30 July 1982, as amended and extended by Government Notices Nos. R. 2300 of 21 October 1983, R. 772 of 19 April 1984, R. 1319 of 21 June 1985, R. 2843 of 27 December 1985, R. 1330 of 27 June 1986, R. 362 of 20 February 1987, R. 972 of 30 April 1987, R. 1108 of 22 May 1987, R. 1804 of 21 August 1987, R. 747 of 22 April 1988, R. 1490 of 29 June 1990, R. 3137 of 20 December 1991, R. 1667 of 19 June 1992, R. 3219 of 27 November 1992, R. 464 of 26 March 1993, R. 884 of 21 May 1993, R. 930 of 28 May 1993, R. 2249 of 19 November 1993 and R. 1171 of 1 July 1994.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Regions defined in the Agreement published under Government Notice No. R. 1598 of 30 July 1982 by all employers in the Motor Industry who are members of the employers' organisations and by all employees in the said Industry who are members of the Motor Industry Employees' Union of South Africa and the Motor Industry Staff Association and apprentice members of the Motor Industry Combined Workers' Union.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply in respect of apprentices and their employers but only in so far as such application is not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any regulation made thereunder or any contract entered into in terms thereof.

2. CLAUSE 8: CONTRIBUTIONS

(1) In subclause (1) (a) (i), substitute the expression "R61,27" for the expression "R53,26".

(2) In subclause (1) (a) (ii), substitute the expression "R62,77" for the expression "R54,52".

(3) In subclause (1) (a) (iii), substitute the expression "R64,27" for the expression "R55,79".

(4) In subclause (1) (a) (iv), substitute the expression "R65,54" for the expression "R57,05".

BYLAE

DIE NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID

MEDIESE HULPFONDS VIR DIE MOTORNYWERHEID

OOREENKOMS

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

South African Motor Industry Employers' Association

en die

South African Vehicle Builders' en Repairers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Motor Industry Employees' Union of South Africa

die

Motor Industry Staff Association

en die

National Union of Metalworkers of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Motornywerheid,

tot wysiging van die Ooreenkoms vir die Mediese Hulpfonds vir die Motornywerheid gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1598 van 30 Julie 1982, soos gewysig en verleng by Goewermentskennisgewings Nos. R. 2300 van 21 Oktober 1983, R. 772 van 19 April 1984, R. 1319 van 21 Junie 1985, R. 2843 van 27 Desember 1985, R. 1330 van 27 Junie 1986, R. 362 van 20 Februarie 1987, R. 972 van 30 April 1987, R. 1108 van 22 Mei 1987, R. 1804 van 21 Augustus 1987, R. 747 van 22 April 1988, R. 1490 van 29 Junie 1990, R. 3137 van 20 Desember 1991, R. 1667 van 19 Junie 1992, R. 3219 van 27 November 1992, R. 464 van 26 Maart 1993, R. 884 van 21 Mei 1993, R. 930 van 28 Mei 1993, R. 2249 van 19 November 1993 en R. 1171 van 1 Julie 1994.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Streke omskryf in die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1598 van 30 Julie 1982, nagekom word deur alle werkgewers in die Motornywerheid wat lede is van die werkgewersorganisasies en deur alle werknemers in genoemde Nywerheid wat lede is van die Motor Industry Employees' Union of South Africa en die Motor Industry Staff Association en vakleerlinglede van die Motor Industry Combined Workers' Union.

(2) Ondanks subklousule (1) is hierdie Ooreenkoms op vakleerlinge en op hul werkgewers van toepassing maar slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is nie met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of 'n regulasie wat daarkragtens uitgevaardig is of 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan is.

2. KLOUSULE 8: BYDRAES

(1) In subklousule (1) (a) (i), vervang die uitdrukking "R53,26" deur die uitdrukking "R61,27".

(2) In subklousule (1) (a) (ii), vervang die uitdrukking "R54,52" deur die uitdrukking "R62,77".

(3) In subklousule (1) (a) (iii), vervang die uitdrukking "R55,79" deur die uitdrukking "R64,27".

(4) In subklousule (1) (a) (iv), vervang die uitdrukking "R57,05" deur die uitdrukking "R65,54".

(5) In subclause (1) (b), substitute the expression "R52,27" for the expression "R47,56".

(6) In subclause (4), substitute the expression "R20,19" for the expression "R18,40".

Signed at Johannesburg, on behalf of the parties, this 25th day of October 1994.

T. NIEUWOUDT,
President of the Council.

L. A. COETZER,
Vice-President of the Council.

B. G. DU PREEZ,
General Secretary of the Council.

(5) In subklousule (1) (b), vervang die uitdrukking "R47,56" deur die uitdrukking "R52,27".

(6) In subklousule (4), vervang die uitdrukking "R18,40" deur die uitdrukking "R20,19".

Namens die Partye op hede die 25ste dag van Oktober 1994 te Johannesburg onderteken.

T. NIEUWOUDT,
President van die Raad.

L. A. COETZER,
Vise-President van die Raad.

B. G. DU PREEZ,
Hoofsekretaris van die Raad.

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	GOVERNMENT NOTICES		
Agriculture, Department of			
Government Notices			
R. 109	Wine and Spirit Control Act (47/1970): Price and payment arrangements with regard to distilling wine: 1995 and good wine: 1995/1996	1	16230
R. 110	do.: Transport costs in respect of good wines	5	16230
R. 111	do.: Price and payment arrangements with regard to distilling wine: 1995 and good wines 1995/1996: Approval	7	16230
Finance, Department of			
Government Notices			
R. 77	Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/707)	9	16230
R. 98	Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/708)	10	16230
Health, Department of			
Government Notices			
R. 83	Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act (56/1974): South African Medical and Dental Council: Regulations: Registration by occupational therapists of additional qualifications: Amendment	12	16230
R. 84	Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act (54/1972): Regulations governing tolerances for fungus-produced toxins in foodstuffs: Amendment	12	16230
R. 85	Pharmacy Act (53/1974): South African Pharmacy Council: Regulation: Fees payable by and to the Council: Amendment	13	16230
R. 86	Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act (56/1974): South African Medical and Dental Council: Regulations: registration by speech therapists, speech therapists and audiologists, and audiologists of additional qualifications: Amendment	14	16230
R. 87	Chiropractors, Homeopaths and Allied Health Service Professions Act (63/1982): Exemption of juristic persons from the operation of certain provisions of the Act	15	16230

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
Arbeid, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 75	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Verbeteringskennisgewing: Motornywerheid: Administratiewe Ooreenkoms	16	16230
R. 79	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Klerasienywerheid, Kaap: Hernuwing van die Ooreenkoms vir die Plattelandse Gebiede	17	16230
R. 94	Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (130/1993): Reëls, vorms en besonderhede om verskaf te word	17	16230
R. 99	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Motornywerheid: Wysiging van Administratiewe Ooreenkoms	20	16230
R. 100	do.: do.: Wysiging van Mediese Hulpfondsooreenkoms vir die Motornywerheid	21	16230
Finansies, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 77	Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/707)	9	16230
R. 98	Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/708)	10	16230
Gesondheid, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 83	Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe (56/1974): Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies: Registrasie deur arbeidsterapeute van addisionele kwalifikasies: Wysiging	12	16230
R. 84	Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels (54/1972): Regulasies: Toleransies vir toksiene veroorsaak deur swamme in voedingsmiddels: Wysiging	12	16230
R. 85	Wet op Aptekers (53/1974): Suid-Afrikaanse Aptekersraad: Regulasies: Gelde wat aan en deur die Raad betaalbaar is: Wysiging	13	16230
R. 86	Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe (56/1974): Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies: Registrasie deur spraakterapeute, spraakterapeute en oudioloë, en oudioloë van addisionele kwalifikasies: Wysiging	14	16230

No.		Page No.	Gazette No.
R. 88	Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act (56/1974): South African Medical and Dental Council: Regulations: Use of names which may not be used	16	16230

Labour, Department of

Government Notices

R. 75	Labour Relations Act (28/1956): Correction notice: Motor Industry: Administrative Agreement	16	16230
R. 79	Labour Relations Act (28/1956): Clothing Industry, Cape: Renewal of the Agreement for the Country Areas	17	16230
R. 94	Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act (130/1993): Rules, forms and particulars to be furnished	17	16230
R. 99	Labour Relations Act (28/1956): Motor Industry: Amendment of Administrative Agreement	20	16230
R. 100	do.: do.: Amendment of Motor Industry Medical Aid Fund Agreement	21	16230

Mineral and Energy Affairs, Department of

Government Notice

R. 96	Mines and Works Act (27/1956): Declaration of work in national interest	8	16230

Trade and Industry, Department of

Government Notice

R. 89	Companies Act (61/1973): Incorporation of an external company as a company in the Republic of South Africa	8	16230

Transport, Department of

Government Notice

R. 95	Carriage by Air Act (17/1946): Conversion of currency	9	16230

No.		Bladsy No.	Koerant No.
R. 87	Wet op Chiropraktisyns, Homespate en Verwante Gesondheidsdiensberoepe (63/1982): Vrystelling van regspersone van die toepassing van sekere bepalings van die Wet	15	16230
R. 88	Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe (56/1974): Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies: Gebruikmaak van name waarvan nie gebruik gemaak mag word nie	16	16230

Handel en Nywerheid, Departement van

Goewermentskennisgewing

R. 89	Maatskappywet (61/1973): Inlywing van 'n buitelandse maatskappy as 'n maatskappy in die Republiek van Suid-Afrika	8	16230

Landbou, Departement van

Goewermentskennisgewings

R. 109	Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus (47/1970): Prys- en betalingsreëlings met betrekking tot distilleerwyn: 1995 en goeiewyn: 1995/1996	1	16230
R. 110	do.: Vervoerkoste ten opsigte van goeiewyn	5	16230
R. 111	do.: Prys- en betalingsreëlings met betrekking tot distilleerwyn: 1995 en goeiewyn: 1995/1996: Goedkeuring	7	16230

Mineraal- en Energiesake, Departement van

Goewermentskennisgewing

R. 96	Wet op Myne en Bedrywe (27/1956): Verklaring van werk in nasionale belang	8	16230

Vervoer, Departement van

Goewermentskennisgewing

R. 95	Wet op Lugvervoer (17/1946): Bedrae omgesit	9	16230

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel 323-9731 × 263, 267 or 269
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 263, 267 of 269